



# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53  
PRINS ALBERT  
6930

## DIREKTORAAT : INFRASTRUKTUUR DIENSTE

### VAKATURE: ELEKTRISIËN

#### KENNISGEWING NR 11/2017

*Die Prins Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.*

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **ELEKTRISIËN**

#### VEREISTES

- 'n N2 (Elektries)
- Voltooide Vakleerlingskap met 'n geslaagde ambagstoets as Elektrisiën
- Bedradingslisensie
- Bewese ervaring om met 22 kV verspreiding te werk.
- 'n Geldige Kode EB Rybewys
- Goeie Interpersoonlike Vaardighede
- Bereidwilligheid en beskikbaarheid om bystanddiens te doen
- Goeie Kommunikasievaardighede in ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap

#### PLIGTE

- Ondersteuning en instandhouding van die elektriese netwerk in Prince Albert Munisipale gebied;
- Instandhouding van skakeltuig en geassosieerde toerusting soos per instandhoudingskodule;
- Herstel van kabelfoute, ligte en hoëmas ligte soos benodig;
- Uitvoer van bystandpligte soos en wanneer nodig;
- Inspeksie van substasie en oorhoofse transmissielyste soos per instandhoudingskodule;
- Installasie van kragmeters en toerusting;
- Foutopsporing;
- Werk op hoogtes;
- Verseker dat alle veiligheidstandaarde gehandhaaf word in term van elektriese installasie regulasies

**SALARIS: T10 VAN 'N GRAAD 2 MUNISIPALITEIT  
PLUS NORMALE BYVOORDELE**

**STATUS VAN POS: PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 31 MAART 2017**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerke afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS, PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 31 MAART 2017**.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-wergewer en moedig gestremdes, persone uit voorheem benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen.. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT  
PRIVAATSAK X53  
PRINCE ALBERT, 6930

TELEFOON NO: 023 – 5411320  
FAKS NO: 023 – 5411321  
E-Pos Adres: [adminklerk@pamun.gov.za](mailto:adminklerk@pamun.gov.za)



**HFW METTLER  
MUNISIPALE BESTUURDER .**

